WAT OM TE DOEN AS IEMAND OPHOU ONDERHOUD BETAAL


Sam se pa het opgehou om onderhoud te betaal. Wat kan ek doen?
Die hof het hom beveel om onderhoud te betaal. As hy ophou betaal, is hy skuldig aan 'n misdaad.
Hy het al 'n jaar gelede opgehou om te betaal. Is dit nou te laat om terug te gaan hof toe?
Jy kon al teruggegaan het tien dae nadat hy opgehou het om te betaal. Maar jy kan nog steeds teruggaan. En jy het nie eers 'n prokureur nodig nie.
Net môre gaan ek hof toe. Ek het regtig die geld nodig om behoorlik vir Sam te kan sorg.

INSTANDHOUDINGSOFFISIER
Jy moet 'n verklaring maak waarin jy sê hoeveel geld nie betaal is nie. Kan jy vir my inligting gee oor wat John besit of oor sy werk? Dit sal die landdros help om te besluit wat hy moet doen. Byvoorbeeld, werk John? Weet jy of hy enigiets besit wat waardevol is?
Ek weet nie wat hy besit nie. Maar ek weet hy werk nog op dieselfde plek. Ek het ook gehoor dat hy van verlede jaar af drie vrouens swanger gemaak het!
Dit beteken dat hy onderhoud moet betaal vir al die kinders. Hy moet die geld wat hy verdien, gebruik om onderhoud vir sy kinders te betaal voordat hy enige geld op luukshede vir homself kan uitgee. Hoeveel geld skuld hy jou?
Hy moes N$300 per maand betaal. Hy het 12 maande gelede opgehou om te betaal. Dit beteken hy skuld N$3 600.

Daar is 'n hele paar verskillende maniere om die geld te kry van 'n persoon wat opgehou het om onderhoud te betaal. Ons sal saam besluit wat die beste is in hierdie geval en ons sal 'n verklaring maak om vir die landdros te gee.
Ons het nie John se toestemming nodig vir enige van hierdie stappe nie. Hy kan self hof toe kom en vra vir 'n ander manier van betaling as hy wil. Hy kan ook vra dat die onderhoudsbevel verander word as sy situasie verander het vandat die hof die bevel gegee het.
Die hof kan beveel dat John se werkgewer die geld wat hy skuld uit sy SALARIS haal en direk aan jou betaal.
Die hof kan beveel dat John se EIENDOM verkoop word om die onderhoud wat hy skuld, te betaal.
As iemand vir John geld skuld, kan die hof beveel dat die SKULD direk aan jou betaal word om die geld wat geskuld word, te dek.
As John PENSIOEN of enige ander voordeel kry, kan die hof beveel dat die geld wat hy skuld, afgetrek word en direk aan jou betaal word.
Dit is duidelik dat John nie vertrou kan word met die betaling van onderhoud nie. Die geld moet direk van sy salaris afgetrek word. Die klerk van die hof sal binne sewe dae opdrag aan sy werkgewer gee wat sê dat 'n deel van sy salaris reguit na die kind se ma gestuur moet word.
LANDDROS

Wat?!? Geld word van my salaris afgetrek om onderhoud vir Sam te betaal! Ek moet dadelik met my meisies gaan praat.
Die onderhoudswet sê altwee ouers moet vir die kind betaal. So, jy moet ook!
Ek is lief vir jou, maar ek kan nie vir jou geld gee vir die baba nie.
Ek is lief vir jou, maar ek kan nie vir jou geld gee vir die baba nie.
Jy is hierdie kind se pa. Jy het 'n wetlike plig om hom te onderhou. Jy het werk; daar is geen verskonings nie.
Ek is lief vir jou, maar ek kan nie vir jou geld gee vir die baba nie.
Ons is nie getroud nie, maar dit beteken nie jy kan van ons kind vergeet nie. Alle kinders het die reg op onderhoud.
Ek moet dadelik na die onderhoudshof toe gaan en met die klerk hieroor gaan praat!

Ek kan nie N$3 600 plus rente aan jou betaal nie! Ek het baie kinders vir wie ek moet sorg.
Sam het hierdie geld nodig, John.
Ek sal nie betaal nie!!
Dit is 'n misdaad as jy sonder goeie rede nie onderhoud betaal nie. Die straf kan 'n boete van N$4 000 of twaalf maande tronkstraf wees!
Maar een van die dae gaan ek die pa van vier kinders wees!
Dan moet die geld wat jy verdien tussen die vier kinders verdeel word. Jy moet die geld vir jou kinders betaal voordat jy 'n nuwe motor of deftige klere kan koop.

Jy is verantwoordelik om vir al jou kinders te betaal. Jy kan die geld wat jy vir Sarah skuld stadig afbetaal deur elke maand 'n bietjie meer as in die verlede te betaal. Jy moet van nou af elke maand N$400 betaal totdat jou skuld afbetaal is. Dit sal direk van jou salaris afgetrek word om te verseker dat jy wel betaal. Jy moet ook vir jou ander kinders betaal.
LANDDROS
Ek het vandag 'n belangrike les geleer. Ek moet betaal vir elke kind wat ek het.
HET JY ...
... 'n VRAAG?
... 'n OPMERKING?
KONTAK ONS!
SMS: 081-6000098
E-pos: info@lac.org.na • Faks: 088-613693
Posadres: Posbus 604 Windhoek
Ons wil graag weet wat jy van hierdie strokiesprent dink.

ONDERHOUD is geld of goed wat 'n persoon volgens die wet moet betaal vir die onderhoud van sy of haar kinders of ander afhanklikes. Onderhoud word gewoonlik betaal vir basiese lewenskoste soos huishuur, kos, klere, medisyne en skoolgeld.

Hierdie strokiesprent is saamgestel om te verduidelik wat om te doen as 'n persoon wat onderhoud behoort te betaal volgens 'n hofbevel, ophou om te betaal. Die strokiesprent verduidelik die wet aan die hand van die voorbeeld van Sam en sy ouers, Sarah en John.

AFHANKLIKE: lemand wie se lewe afhanklik is van die bystand van 'n ander persoon. Kinders is afhanklik van hulle ouers.

KLAER: Die persoon wat aansoek doen om 'n onderhoudsbevel.

AANGEKLAAGDE/VERWEERDER: Die persoon wat aangesê word om die onderhoud te betaal.

Teks:
RACHEL COOMER

Illustrasies, ontwerp en uitleg:
DUDLEY VIALL en PERRI CAPLAN

Projektoesig:
DIANNE HUBBARD

Finansiering:
NEDERLANDSE MINISTERIE VAN BUITELANDSE SAKE, MDG3 FONDS

Drukwerk:
PRINTER TO ENTER NAME

Uitgewer:
GENDER RESEARCH & ADVOCACY PROJECT, LEGAL ASSISTANCE CENTRE, 2010

Hierdie strokiesprent mag vryelik gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes op voorwaarde dat erkenning aan die bron gegee word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC webtuiste: www. lac.org.na